

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Inligtingsboekie van 8 bladsye (i tot viii) met 'n Verhoudingsblad op bladsy i. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die ruimte wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Versoening (25 minute)	20			
Vraag 2: Ontleding van gepubliseerde finansiële state (60 minute)	50			
Vraag 3: Batebestuur (35 minute)	30			
TOTAAL	100			Kontroleerder

VRAAG 1 VERSOENING**(20 punte, 25 minute)**

Verwys na die inligting oor Thabo se Kafee en sy krediteur, Conti Bread Suppliers, in die Inligtingsboekie.

- 1.1 Verduidelik waarom dit onwaarskynlik is dat die bedryfsverhouding van Thabo se Kafee sal verander as gevolg daarvan dat hy voorraad op krediet by CBS koop, alhoewel sy vuurproefverhouding kan verander.

(2)

- 1.2 Verduidelik die voordeel, beide in terme van likiditeit en winsgewendheid, van die besluit van Thabo se Kafee om op krediet by CBS te koop.

(2)

- 1.3 Thabo verstaan nie waarom versoenings belangrik is nie. Verduidelik aan hom die doel van versoenings en noem twee terreine, buiten debiteure- en krediteure versoenings, waar 'n onderneming versoenings nuttig sal vind.

Die doel van versoenings doen:

Twee ander terreine waar 'n versoening gedoen kan word:

- ---
- ---

(3)

- 1.4 Verwys na die debiteure-ouderdomsontleding op die staat wat van CBS ontvang is.

- 1.4.1 Waarom verwys die staat na die '**debiteure**-ouderdomsontleding' indien dit 'n staat is wat van die krediteur van Thabo se Kafee ontvang is?

(1)

- 1.4.2 CBS het nie die debiteure-ouderdomsontleding voltooi nie. Voltooi dit vir hulle op grond van die staat wat ontvang is **voordat** die bykomende inligting in ag geneem word.

Debiteure-ouderdomsontleding van uitstaande skuld			
90 + dae	60 dae	30 dae	Huidig

(3)

- 1.5 Thabo is bekommerd omdat die staat wat van CBS ontvang is, aandui dat hy meer skuld as wat hy verwag het. Hy het jou gevra om hom met hierdie probleem te help en die staat wat ontvang is met sy grootboekrekening vir Augustus 2015 te versoen. (Neem aan dat alle inskrywings voor Augustus korrek gedoen is.)

- 1.5.1 Bereken die gekorrigeerde saldo op die staat wat ontvang is.

--	--

(5)

- 1.5.2 Korreger die krediteuregrootboek in die boeke van Thabo se Kafee.

Saldo volgens grootboek op 31/08/2015	R1 034,94

(3)

- 1.5.3 Verduidelik waarom Thabo se Kafee nie die R24 korting op 07/08/15 moes gekry het nie.

(1)

VRAAG 2 ONTLEDING VAN GEPUBLISEERDE FINANSIËLE STATE**(50 punte, 60 minute)****DEEL A**

2.1 Omkring vir elkeen van die volgende stellings die mees korrekte antwoord. Jy moet slegs een antwoord omkring.

2.1.1 Eskom word as 'n ... beskou.

- A openbare maatskappy
 - B privaat maatskappy
 - C maatskappy sonder winsoogmerk
 - D beslote maatskappy
- (1)

2.1.2 Die dokument wat nodig is om 'n maatskappy te stig, is die ...

- A direkteursverslag.
 - B ouditeursverslag.
 - C akte van oprigting.
 - D verslag oor korporatiewe bestuur.
- (1)

2.1.3 'n Ander naam wat vir die inkomstestaat gebruik word, is die ...

- A staat van toekomstige inkomste.
 - B staat van omvattende inkomste.
 - C staat van opgesomde wins.
 - D staat van bedryfskoste.
- (1)

2.1.4 Volgens die kontantvloeistaat verwys beleggingsaktiwiteite na die ...

- A verkryging van kontant deur lenings of die verkoop van aandele.
 - B koop en vervreemding van tasbare bates wat 'n opbrengs genereer.
 - C invloei en uitvloei van kontant wat met sakebedrywigheide verband hou.
 - D beweging van kontant wat met belasting- en dividendbetalings verband hou.
- (1)

2.1.5 Die mening wat deur die onafhanklike ouditeure in hul verslag aan Eskom uitgespreek word, is ...

- A ongekwalifiseerd.
 - B ongekwalifiseerd met uitsondering/ontkenning
 - C gekwalifiseerd.
 - D gereserveerd.
- (1)

2.1.6 Wie is verantwoordelik vir die opstel en billike voorstelling van die finansiële state van 'n maatskappy?

- A Aandeelhouers
 - B Eksterne ouditeure
 - C Senior finansiële bestuur
 - D Maatskappydirekteure
- (1)

- 2.2 Openbare maatskappye moet drie finansiële state publiseer. Verduidelik waarom dit belangrik is om al drie finansiële state te oorweeg wanneer 'n maatskappy se finansiële verslae ontleed word.

(3)

- 2.3 Verwys na die uittreksel uit die Onafhanklike Ouditeursverslag. Verduidelik die belangrikheid van elkeen van die drie gedeeltes hieronder vir die lesers van hierdie verslag.

2.3.1 'Hierdie finansiële state bied in alle wesenlike opsigte billik aan'

(1)

2.3.2 'In ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde'

(1)

2.3.3 'En die Maatskappywet van Suid-Afrika'

(1)

- 2.4 In die lig daarvan dat die koste van elektrisiteit vir die verbruiker met 35% gestyg het en die hoeveelheid elektrisiteit wat in 2015 verkoop is 0.6% meer is as in 2014, lewer kommentaar oor waarom jy dink dat die bruto winsgrens in 2015 gedaal het vergeleke met 2014.

(2)

- 2.5 Verwys na die uittreksel getiteld 'Versekering van Eskom se finansiële volhoubaarheid' en die verkorte groepinkomstestaat wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

2.5.1 Die nietegniese verlies van energie het drasties toegeneem sedert 2014. Eskom het 'n onwettige verbinding ontdek wat 'n hele township van elektrisiteit voorsien. In die lig daarvan dat toegang tot elektrisiteit 'n mensereg is, wat stel jy voor moet Eskom doen om hierdie probleem op te los?

(2)

- 2.5.2 Verduidelik met verwysing na die skuld wat deur munisipaliteite verskuldig is hoe die onwettige verbindings van elektrisiteit Eskom se kontantvloei en likiditeit beïnvloed.

(2)

- 2.5.3 Verwys na die betrokke finansiële aanwysers en doen 'n berekening en lewer kommentaar daaroor of jy saamstem met die likiditeitsontleding wat genoem word in die uittreksel getiteld 'Versekering van Eskom se finansiële volhoubaarheid'.

Berekening:

(5)

- 2.6 Herstelwerk en instandhouding in 2015 het R17 miljard beloop. Bereken watter persentasie van totale bedryfsuitgawes dit is en verduidelik waarom dit dalk so hoog mag wees.

--

(2)

- 2.7 Daar word bereken dat uitvoerende direkteure se salarisse vir 2015 met 28.87% toegeneem het sedert 2014. Lewer kommentaar oor hierdie toename in terme van Eskom se winsgewendheid deur toepaslike syfers te bereken of uit die gepubliseerde finansiële jaarstate te onttrek.

(3)

2.8 Verduidelik waarom 'toekomstige brandstofvoorraad' onder niebedryfsbates in die staat van finansiële posisie aangetref word.

(1)

2.9 Daar word aangedui dat Eskom se koste om te leen gemiddeld 6.7% is.

2.9.1 Verskaf berekeninge om te toon dat Opbrengs op Kapitaal aangewend 4.31% is vir die 2015-jaareinde.

--

(6)

2.9.2 Lewer kommentaar op Eskom se hefboomfinansiering soos op 31 Maart 2015 in die lig van sy solvensie sowel as sy voorspelde risiko. (Opbrengs op Kapitaal aangewend vir 2014 was 2.21%.)

(4)

DEEL B – Probleemoplossing**Hierdie afdeling hou NIE enigsins met Deel A verband nie.**

Jy het R50 000 gekry om aandele op die aandelebeurs mee te koop en, met die hulp van 'n aandelemakelaar, het jy jou keuses tot óf Falcon Bpk. óf Microdot Bpk. verminder. Hierdie geld is aan jou gegee op voorwaarde dat dit tot jou 30ste verjaardag in 'n beleggingsvorm sal bly, dus wil jy graag langtermyn-beleggingsopsies oorweeg. Kies op grond van die inligting wat verskaf is in watter maatskappy jy sal belê en motiveer jou antwoord deur vyf (5) verhoudings te bereken of aan te haal en in detail te bespreek in die gestipte punte wat hieronder voorsien word.

- _____

- _____

- _____

- _____

- _____

Jou finale besluit: _____

(11)

VRAAG 3 BATEBESTUUR**(30 punte, 35 minute)**

Verwys na die Inligtingsboekie vir inligting met betrekking tot Wakker Winkel.

- 3.1 Definieer die deurlopende voorraadstelsel **en** verduidelik waarom Wakker Winkel dit moontlik gebruik.

(2)

- 3.2 Bereken die **getal sespakbattery-eenhede** wat gedurende die eerste helfte, en die tweede helfte, van die maand verloor/gesteel is.

Datum	Duracell-eenhede	Energizer-eenhede	Totaal
Van 1 tot 15 Junie			
Van 16 tot 30 Junie			

(5)

- 3.3 Die winkelbestuurder weet nie of die waarde van die verlore/gesteelde voorraad wat hierbo bereken is aanvaarbaar of kommerwekkend is nie. Hy is deur die batebestuurder aangeraai om die konsep van wesenlikheid toe te pas en hierdie inligting uit sy verslag aan die finansiële afdeling weg te laat:

- 3.3.1 Verduidelik waarna die batebestuurder verwys het toe hy gepraat het van die konsep van wesenlikheid in hierdie verband.

(1)

- 3.3.2 Lewer kommentaar om aan te dui of jy daarmee saamstem dat hierdie konsep in hierdie geval toegepas word.

(1)

3.4 Beskou die diagram van die winkeluitleg in die Inligtingsboekie:

3.4.1 Verduidelik wie jy dink mees waarskynlik die voorraad gesteel het en waarom.

(2)

3.4.2 Verwys na jou antwoord in Vraag 3.4.1 en verduidelik in detail drie beheermaatreëls wat jy sal instel om verlies van voorraad deur diefstal te beëindig. Hou in gedagte dat dit 'n klein onderneming is.

1.

2.

3.

(3)

3.5 **Vyftig pakke (eenhede)** Energizer-sespakbatterie is op 16 Julie aan Xolweni Hoërskool geskenk. Die een winkeleienaar het besluit om dit as deel van sy persoonlike trekkings vir die maand af te skryf. Baie van die leerders het as gevolg van kragonderbrekings geen manier gehad om hul huiswerk te voltooi of vir toetse te studeer nie en het net battery-aangedrewe lampe tot hul beskikking gehad.

3.5.1 Bereken die koste van die 50 pakke wat geskenk is op grond van die EIEU-en geweegegemiddelde-metode. (Jy kan aanneem dat 2 eenhede Energizer-sespakbatterie tussen 1 en 15 Junie gesteel is.)

EIEU	GEWEEGDE GEMIDDELDE

(7)

- 3.5.2 Die winkeleienaar wat die Energizer AA-batterye geskenk het, het die finansiële afdeling opdrag gegee om die voorraadwaardasiemetode vir die **skenking** van voorraad na die geweegdegemiddelde-metode te verander. Lewer kommentaar oor hoe eties hierdie besluit is.

(1)

3.6 Gebruik die EIEU-metode:

- 3.6.1 Bereken die koste van verkope van Duracell-sespakbattery-eenhede tussen 1 en 15 Junie 2015.

--

(1)

- 3.6.2 Die voorraadomsettempo van Duracell-sespakbattery-eenhede is 0,63 keer tussen 1 en 15 Junie. Toon hoe hierdie bedrag bereken is.

--

(6)

- 3.7 Lewer kommentaar daaroor of maatskappybeleid om twee keer per maand voorraad van Duracell AA-sespakbatterye te koop voldoende is.

(1)

30

Totaal: 100 punte